

Gereformeerde Kerk Bellville – 24 Januarie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek sreek.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 84:3, 4 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan:
geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaare, let
op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie.
Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Skriflesing: Jesaja 42:1-9

Kernverse: Jesaja 42:2-3

Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring.

(Jesaja 42:2-3 AFR53)

Tema: Die eerste Kneglid: die werkswyse van die Knege van die Here

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit gebeur soms dat 'n mens iets maak, maar dit wil net nie uitkom soos jy dit wil hê nie. Dit kan 'n koek wees wat jy bak, of 'n stuk houtwerk of metaalwerk, of 'n som wat jy graag wil doen. Jy probeer keer op keer, jy volg elke stap presies, maar dit wil net nie uitwerk nie. Dit kom net nie soos jy dit wil hê nie. En nou weet ons hoe gefrustreerd 'n mens kan raak wanneer dit gebeur. Jy los dit sommer dan net so. Die koek wat flop word vir die boemelaar of die hond gegee. Die stuk houtwerk of metaalwerk word agter in die werf neergesit en die papier waarop jy die som probeer het, word opgefrommel in die asblik gesmyt. Jy voel dan sommer mislik omdat dit nie wou uitwerk soos jy dit wou hê nie.

Gelukkig raak God nie so gefrustreerd met ons nie. Hy kon al lankal mislik gevoel het oor ons wat so 'n gemors kan aanvang omdat ons nie werk soos wat Hy wou gehad het ons moes werk nie. Maar dankie tog, Hy voel nie mislik en smyt ons nie eenkant neer nie. Hy probeer weer en weer en op die uiteinde sal Hy sy mense kry dat hulle werk soos wat Hy van die begin af bedoel het.

Die Here het immers die mense gemaak om in 'n verhouding met Hom te lewe, 'n verhouding waarin hulle Hom liefhet en dien. En toe die mense uit hierdie verhouding met die Here uitgestap het, het Hy hulle nie maar gelos nie. Hy het van sy kant af heeltyd die verhouding met hulle in stand gehou. Sommige mense was geraak deur die manier waarop die Here met hulle gewerk het, en deur die werk van die Heilige Gees het hulle ook in die verhouding met die Here bly lewe. Maar die groot meerderheid mense het verkies om nie in 'n verhouding met die Here te lewe nie. Selfs nie eens die sondvloed het regtig 'n verandering by die mense veroorsaak nie.

Toe het die Here met Abraham op 'n baie besonderse manier begin werk. Met Abraham het die Here sy verhouding konkreet nuut begin. Hy het 'n verbond met Abraham gesluit. 'n Verbond is 'n amptelike verbintenis waarin die Here duidelik sê dat Hy Abraham en sy nageslag se God sal wees. En Abraham en sy nageslag sal God se volk wees. En hulle sal konkreet kan wys dat hulle God se volk is wanneer hulle leef soos wat Hy wil hê hulle moet leef deur Hom en hulle naaste lief te hê. Wanneer hulle so leef, sal hulle 'n seën wees vir ander mense, selfs vir mense wat nog nie in 'n verhouding met die Here leef nie.

Op hierdie manier wou die Here hê dat sy liefde en reddende genade vanuit Israel na al die ander volke op die aarde sou oorspoel. Ongelukkig het Israel hierin misluk. In plaas daarvan om 'n kanaal van God se liefde na die ander nasies te wees, het hulle 'n opgaardam geword en gedink die Here is net hulle God en niemand anders s'n nie. En toe hulle 'n opgaardam word, het hulle ook selftevrede geword. Hulle selftevredenheid het daartoe gelei dat hulle begin dink het dat hulle maar kan maak soos wat hulle wil, die Here sal hulle aanhoudend liefhê en hulle sal niks oorkom nie.

Maar, broers, susters en kinders, ons weet dit werk nie so nie. Die Here se liefde en sorg vir ons is nie iets wat ons maar as vanselfsprekend kan aanvaar nie. Hierdie les moes Israel op die harde manier geleer het. Die Here het sy volk laat wegvat uit hulle land uit na Babilonië toe. Dit het nie baie saggies gebeur nie. Hulle is gewelddadig weggevat deur die heidene. Israel het toe gedink dat die Here nie meer vir hulle omgee nie. Baie van hulle het gevoel asof die Here hulle nou weggesmyt het om daar op die werf te lê omdat Hy niks meer met hulle kan uitrig nie.

Die Here werk egter nie so met sy handewerk nie. Hy smyt dit nie weg omdat dit nie reg wou werk nie. Daarom het die Here vir sy moedelose volk daar in die vreemde hierdie woorde gesê:

Maar jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend, jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. (Jesaja 41:8-10 AFR53)

Al het Israel misluk om 'n waardige kneg van die Here te wees en te bly, het die Here hulle nog lank nie weggegooi nie. Die Here gaan sy kneg stuur om te verlos en te genees. Hierdie kneg sal 'n ware kneg wees en hy gaan regtig doen wat die Here wil hê moet gebeur. Hy gaan God se wil aan Israel en elke ander nasie op die aarde leer sodat mense uiteindelik kan leef en werk soos wat die Here van die begin af bedoel het dit moet wees.

Wanneer ons nou van die kneg van die Here hier in Jesaja 42 lees en wat hy gaan doen, kan ons miskien dink dat daar weer van Israel gepraat word. Maar die Here sê hier nie soos in die vorige hoofstuk: Jy, my kneg, Israel, nie. Hierdie kneg is dus 'n ander een as Israel. Beteken dit nou dat Israel regtig afgeskryf is omdat die Here 'n ander kneg gaan gebruik? Was die woorde wat die Here in die vorige hoofstuk gesê het sommer maar net woorde? Nee, nee, nee! As die Here praat, bedoel Hy elke woord wat Hy sê. Israel is steeds kneg van die Here al het hulle voorheen misluk. Hoe werk dit dan? kan jy nou vra.

Gelei deur die Heilige Gees het Matteus in die twaalfde hoofstuk van sy boek in die Nuwe Testament geskryf dat Jesus hierdie Kneg is van wie Jesaja geskryf het. Die Heilige Gees het op Jesus gekom. Jesus het blindes laat sien en gevangenes uit die tronk bevry. In Jesus se eerste preek in Nasaret het Hy dit van Homself ook gesê na aanleiding van Jesaja se profetiese woorde. En Jesus is juis uit die volk Israel gebore. Israel het dus die kneg van God gebly sodat hierdie besondere Kneg van God gebore kon word om Israel se onvoltooide werk oor te neem en enduit klaar te maak.

Laat ons nou kyk na die werkswyse van Jesus, die Kneg van God, en kyk wat dit vir ons mense beteken. Anders as wat Israel en alle ander mense verwag het, het Jesus nie met geweld en mag sy Vader se wil hier op aarde bekend gemaak nie. Hy het nie hard geroep of geskree nie. Op 'n menslike manier het Jesus sy werk kom doen as Kneg van God. Jesus wat self God is, het nie met sy goddelike mag mense oorrumpel nie. Sag en met meegevoel het Hy sondaars die wil van sy Vader geleer in preke en gelykenisse. Maar dit was veral in sy lewenswyse wat Jesus mense oortuig het van sy bedoeling om mense uit die web van die sonde en die mag van die duiwel te verlos.

In plaas daarvan om 'n blinde jongman te verdink van sonde as die oorsaak van sy blindheid, soos wat die Skrifgeleerdes van daardie tyd gedoen het, het Jesus sy blinde oë genees en hy het Jesus gevolg. In plaas daarvan om die vrou wat op owerspel betrap

is met klippe dood te gooi, soos wat die wet bepaal het, het Jesus haar veroordelaars eerste kans gegee om 'n klip te gooi as hulle geen sonde het nie. Niemand het dit toe gewaag om haar met klippe dood te gooi nie en die Here Jesus het dit ook nie gedoen nie. Hy het haar laat gaan met die woorde: Moenie weer sondig nie. In plaas daarvan om die tollenaars te verag omdat hulle hulle eie volksgenote finansieel uitgebuit het, het Hy hulle graag by Hom ontvang en met hulle oor die koninkryk van God gepraat en selfs saam met hulle geëet.

Jesus het regtig nie die geknakte riet afgebreek nie en Hy het ook nie die lamppit wat dof brand uitgedoof nie. 'n Riet wat geknak is, is eintlik in ons oë niks werd nie. Dit is nie meer stewig nie en is eintlik nou swak. Dit sal op daardie swak plek uiteindelik breek. Daarom sal ons so 'n geknakte riet eenkant gooi en 'n stewige riet vat. Jesus het hierdie geknakte riete, hierdie mense wat stukkend was, nie verstoot, verwerp of vermy nie. Met sy vriendelike aangesig het Hy hulle na Hom toe aangetrek. En met sagte hande, hande wat regtig omgee, het Hy hulle saggies aan Hom verbind deur net mooi met hulle te praat. Jesus staan regop en kan nie geknak word deur mense nie. Omdat Hy so stewig is, kan Hy al die geknakte mense aan Hom verbind sodat hulle ook weer regop kan kom en regop bly. Met sy optrede gee Hy weer aan die stukkende, verwerpe mense menswaardigheid. En gee Hy vir hulle weer plek in die samelewing.

Ons weet hoe hinderlik 'n lamppit wat dof brand, kan wees. So 'n lamp gee nie behoorlike lig nie en dit rook ook nog sodat jou oë daarvan brand. Daar is mense wat ook soos 'n dowwe lamppit is. Hulle geloofslig is maar flikkerig sodat jy begin wonder of die mens regtig ernstig is oor sy verhouding met die Here. Die Fariseërs het sulke mense afgeskryf of uitgebuit. Hulle is afgeskryf omdat hulle nie wil verander om in die boksies van die Fariseërs te pas nie. Hulle is uitgebuit, want elke keer as hierdie wankelrige gelowige tot inkeer gekom het, moes hy offers by die tempel bring en dan het die priesters hulle buitensporige pryse vir die offerdiere laat betaal.

Wat het Jesus gedoen met sulke gelowiges wat 'n mens so kan teleurstel? Trouens, een van Jesus se mees getroue dissipels, Petrus, was so 'n lamppit wat by tye maar baie dof en rokerig gebrand het. By een geleentheid het Petrus se geloofslig so dof gebrand dat dit omtrent net rook en geen lig was nie. Petrus het drie maal na mekaar gesê dat hy Jesus nie ken nie en niks met Hom te doen het nie. Het Jesus vir Petrus toe gelos soos wat hy (Petrus) vir Jesus gelos het? Nee, Jesus het vir hom gebid. Ja, Petrus se woorde het Jesus seergemaak, maar Hy het hom nie daarvoor verwerp nie. Toe die regte tyd aangebreek het, het Jesus weer die geloofsvlam van Petrus aangeblaas sodat Petrus se geloofslig helder kon skyn. Jesus het Petrus se geloofsvlam nie hard aangeblaas nie, maar saggies. Al wat Hy gedoen het, was om drie maal vir Petrus te vra of hy Hom liefhet. En op grond van Petrus se antwoorde op die drie vrae het Jesus hom weer sy plek in die kerk en in die koninkryk van God teruggegee.

Geliefdes, met hierdie mooi en deernisvolle optrede het Jesus God se wil op die aarde bekend gemaak. Hy het mense geleer wat egte liefde beteken. Egte liefde het vir Jesus beteken dat Hy uiteindelik vir die sondes van mense aan die kruis moes betaal het. Die hele wêreld se sondes, ook my en jou sondes, het veroorsaak dat Jesus onder die oordeel van sy Vader geknak is en sy lig vir drie dae uitgedoof was. Toe Jesus hierdie straf klaar gedra het, het Hy self gesê: Dit is volbring. Met sy offer vir God het Hy die mag wat die duiwel en die sonde oor mense gehad het, vernietig. En deur die werk van die Heilige Gees binne-in mense oortuig Jesus mense dat Hy hulle regtig liefhet, bind Hy hulle saggies aan Hom vas sodat hulle regop kan bly staan in die samelewing met helder brandende geloofsligte.

Deur Jesaja het die Here, wat sy verbond met Abraham en sy nageslag gesluit het, vir sy volk gesê wat sy Kneg vir hulle gaan doen. Hy gaan die geknakte riete en dowwe lamppitte wat hulle is regop en helder maak, want hulle is steeds knegte van die Here om sy wil op die aarde bekend te maak.

Maar dit is nie net Israel wat deur die Kneg van die Here knegte van God gemaak is nie. Ook ons as gemeente is kneg van die Here gemaak deur Jesus, die besondere Kneg van die Here. Hy het ons ook nie gebreek toe ons geknak was nie en Hy het ook nie ons dowwe lamppitte uitgedoof nie. Deur sy Gees het Jesus ons aan Hom vasgebind sodat ons regop kan bly en menswaardig kan lewe in die samelewing. Deur sy Gees blaas Hy aanhoudend en saggies ons geloofslig aan om lig te gee vir ander mense.

Het Jesus dit met ons as gemeente en met elkeen van ons gedoen sodat ons ons nou breë bors kan staan en kan spog dat ons regop staan terwyl ons die kneusplekke waar ons geknak was probeer wegsteek? Het Jesus my en jou geloofslig tot 'n helder geloofsvlam aangeblaas sodat ons vir mense kan wys watter goeie Christene ons is? As ons so geword het, geliefdes, het ons weer opgaardamme geword van God se liefde en genade. En dit is wanneer 'n mens 'n opgaardam word dat jy begin dink jy is beter as ander mense en dan op hulle neerkyk. 'n Mens wat 'n opgaardam van God se liefde word, dink sy manier van diens aan die Here is die enigste regte manier en hy wil almal indruk in hierdie boksie waarin hy pas. En as mense nie in die boksie inpas nie, word hulle verstoot en vermy. As ons so geword het, is ons nog nie die knegte wat die Here wil hê ons moet wees nie.

Die Here verwerp ons nog nie daarvoor nie, maar Hy praat mooi met ons vanoggend. Hy sê weer hoe Hy wil hê dat ons sy knegte moet wees. Laat ons dan nou begin oefen met mekaar om die knegte te wees wat die Here van ons maak. En hoe meer ons regkry om goeie knegte van mekaar te wees, hoe makliker gaan ons dit regkry om knegte van God te wees ook teenoor hulle wat Hom nog nie ken nie. Die manier waarmee Jesus met jou en my gewerk het, op daardie selfde manier wil Hy hê moet ons met alle ander mense werk. Deur ons lewenswyse gaan ons dan God se wil bekend maak aan die nasies. Mag God ons deur sy Gees aanhoudend vernuwe totdat ons uiteindelik die mense is wat Hy wil hê ons moet wees.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18:5, 6, 7, 8)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 145:1, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 Januarie 2016